Learning Channel (Pty) Ltd
3rd Floor, The Mills
66 Carr Street
Newtown
Johannesburg
(011) 639-0179

Website: www.learn.co.za

Nasionale Seniorsertifikaat
Graad 12
Rekeningkunde
Voorbeeld

MEMORANDUM





VRAAG 1

1.1 BANKVERSOENING

1.1.1 Waarom is dit belangrik dat 'n onderneming 'n maandelikse Bankversoeningstaat moet voorberei? Noem TWEE redes.
Enige TWEE punte (✓ ✓) (2)
Moontlike antwoorde:
- Vir internekontrole-doeleindes.
- Om die korrekte banksaldo te identifiseer/rekords op datum te kry.
- Deposito's gemaak en tjeks uitgereik affekteer nie net die onderneming nie maar ook die bank se belange.
- Die onderneming hou rekord van alle kontanttransaksies.
- Die bank hou ook rekord van sy transaksies met die onderneming.
- Die boeke van die onderneming asook die van die bank moet ooreenstem en die banksaldo moet dieselfde wees in albei boeke.
- Vergelykings tussen die boeke van die onderneming en die van die bank moet op 'n maandelikse basis voorberei word deur middel van 'n Bankversoeningstaat.
- Foute en oneerlikheid kan op 'n maandelikse basis opgespoor word.

1.1.2 Een van die tjeks is nie vir betaling by die bank aangebied nie en word nou as 'n geweierde tjek hanteer. Watter tjek is dit? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
Tjek no. 421 ✓ vir R3 500 het verjaar ✓ (ouer as ses maande).
Dui die korrekte manier aan om hierdie transaksie reg te stel. (2)
Dit moet gekanselleer word in die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ). ✓✓

1.1.3 Bereken die korrekte saldo van die bankrekening in die grootboek van Letaba Trading Post (neem ook jou antwoord by VRAAG 1.1.2 hierbo in ag).
✓ ✓ ✓ ✓
R32 650 – R18 650 + R4 900 = R18 900 (4)
OF
– R32 650 + R18 650 – R4 900 = – R18 900

1.1.4 Verduidelik hoe tjek nr.718 hanteer moet word wanneer die finansiële state voorberei word soos op 31 Augustus 2009.
Leerders kan dit op verskillende maniere beantwoord.
Verminder oortrokke bank en vermeerder krediteure. ✓✓ (2)
Gee 'n rede hoekom jy dit so sal hanteer.
Die onderneming het nie die fondse verloor nie. Die bedrag is nog steeds aan krediteure verskuldig. ✓✓ (2)

1.1.5 Verduidelik hoekom 'n vooruitgedateerde tjek ontvang deur Letaba Trading Post op 20 Augustus 2009, maar gedateer 20 September 2009, nie in die bankversoeningstaat voorkom nie.
Enige EEN van die onderstaande redes: ✓✓ bv. (2)
Vooruitgedateerde tjeks (VUT) wat ontvang is, word ingeskryf in die VUT-register.
- VUT's word gedeponeer op die dag van datum op tjek.
- VUT's het geen effek tot die spesifieke datum nie.
- Wet van versigtigheid – maak geen inskrywing indien nie seker is oor feite nie.

1.1.6 (a) Hoekom sou die interne ouditeur so ernstig bekommerd wees oor die verskil van R10 000?
Leerders kan dit op verskillende maniere beantwoord.
Daar is 'n groot fout, of moontlike bedrog. ✓✓ (2)

(b) Wat moet die interne ouditeur doen rondom die situasie? Noem TWEE maniere. (4)
Enige TWEE geldige maniere (✓✓ ✓✓), bv.
- Kontroleer vanaf die kwitansie tot die depositostrokie of alle kontant wat ingevorder was, wel gedeponeer is.
- Kontroleer of daar enige foute op die depositostrokie gemaak is.
- Ondersoek of die kontant gesteel is – ondervra die kassier/boekhouer.
- Vestig behoorlike interne kontroleprosedures – verdeling van pligte – sodat een persoon sal dien as 'n kontrole van 'n ander persoon om die probleem in die toekoms te voorkom.
- Sifting van werknemers (vir geloofwaardigheid).
- Eienaar doen die deponering self.

1.2 KREDITEURE VERSOENING

1.2.1 Hoekom moet hierdie twee bedrae dieselfde wees?
Verskillende maniere van beantwoording is aanvaarbaar, bv. ✓✓ (2)
- Syfers in die algemene grootboek moet ooreenstem met die syfers in die Krediteuregrootboek.
- Dit is 'n interne kontroleproses – een proses kontroleer die ander.

1.2.2

Transaksie	**Krediteurekontrole**	**Krediteurelys**
Voorlopige saldo/totaal	R62 660	R46 230
Transaksie (a)		✓✓ + 480
Transaksie (b)	✓✓ + 2 440	✓✓ + 2 440
Transaksie (c)		✓✓ – 450
Transaksie (d)	✓✓ – 16 400	
✓	**48 700**	**48 700**

(11)

TOTAAL: 35

VRAAG 2

2.1 Alhoewel die besigheid baie goed doen, oorweeg Dennis om dit te verkoop en eerder sy kapitaal te investeer in vaste bates. Noem TWEE aspekte(punte) wat hy moet oorweeg voordat hy sy finale besluit gaan neem.
Enige TWEE geldige en aparte feite ✓✓ (4)
Kyk na enige alternatiewe woorde wat dieselfde beteken (herhaling).
Kyk na twee aparte feite in dieselfde sin.

- Daar is verskeie groot rugbyreekse elke jaar - Super 14, Currie Cup, Drie-Nasies sowel as al die plaaslike en oorsese toere. Aangesien die onderneming die voorraad van al die reekse self dra, is dit 'n ideale geleentheid om wins te maak, op voorwaarde dat dit goed bestuur moet word.
- Oorweeg die finansiële implikasies vir die onderneming, veral met die oog op toekomstige geleenthede soos die Rugby-Wêreldbeker in 2011.
- Koste-implikasies rakende afgedankte personeel.
- Eiendomspryse is laag en dit is die regte tyd om te investeer / eiendomspryse kan in die nabye toekoms styg.
- Eiendom kan uitverhuur word gedurende die Sokker-Wêreldbeker hierdie jaar en dit kan 'n vaste inkomste in die toekoms verseker.
- Sal die eienaar in hierdie ekonomiese tyd 'n redelike prys vir sy onderneming kry?

2.2 Dennis vermoed dat 'n aantal rugbyballe weens winkeldiefstal vermis word. Bereken die aantal rugbyballe wat gesteel is.
1 200✓ + 3 400✓ – 3 500✓ – 900✓ = 200✓ (5)

2.3 Gebruik die relevante inligting en bereken die waarde van die sluitingsvoorraad:

- Rugbyballe – (gebruik die geweegdegemiddelde-metode)

(144 000✓ + 502 000✓ + 30 200✓) ÷ (4 600✓ × 900✓) = R132 000✓ (6)
Gebruik die relevante inligting en bereken die waarde van die slotvoorraad:

- Rugbytruie – (Gebruik die EIEU-metode)

(100✓ × R300✓) + (150✓ × R255✓) = R68 250✓ (5)
R30 000 + R38 250

2.4 Bereken die volgende vir die rugbytruie (jy mag 'n handelsrekening voorberei om die bedrae te bereken):

- **Koste van verkope**

  166 400✓ + 602 000✓ – 68 250*✓ = 700 150✓ (4)

  *Sien Vraag 2.3.

  OF

  R166 400✓ + [R80 000 + R135 000✓✓ + R318 750] = R700 150✓ (5)

  (520 × R320) + [(400 × R200) + (600 × R225) + (1 250 × R250)] = R700 150

  Ander variasies is moontlik.

- **Winsopslag % op kosprys**

  $\frac{(1\ 108\ 000\checkmark - 700\ 150\checkmark)}{700\ 150^{*}\checkmark} \times \frac{100\checkmark}{1}$ (5)

  *Sien vorige antwoord.

  OF

  $\frac{407\ 850}{700\ 150} \times \frac{100}{1}$ ✓✓ = 58,3% ✓✓ (aanvaar 58,2% of 58,25%)

- **Omsetsnelheid van voorraad**

  $\frac{700\ 150\checkmark}{(68\ 250\checkmark + 166\ 400\checkmark) \div 2} = \frac{700\ 150}{117\ 325}$ = 5,97 keer ✓✓ (5)

  Aanvaar 6 keer

2.5 Indien Dennis wel besluit om met die onderneming voort te gaan, watter raad sal jy hom gee? Maak TWEE aanbevelings. Gebruik enige finansiële aanwysers of spesifieke inligting wat jy uit die vraag kan kry om jou antwoord te staaf.
Uitstekende aanbeveling = 2 punte; goeie aanbeveling = 1 punte; verkeerde aanbeveling = 0 punte
Relevante finansiële aanwysers/syfers = 1 punte elk
Enige twee geldige en aparte punte:
Punt 1: aanbeveling ✓✓ aanwyser ✓ (6)
Punt 2: aanbeveling ✓✓ aanwyser ✓
Kyk na enige alternatiewe woorde wat dieselfde beteken (herhaling).
Kyk na twee aparte feite in dieselfde sin.
Twee punte vir aanbeveling en 1 punt vir aanwyser:

- Implementeer strenger kontrole oor die rugbyballe – 200 balle is gesteel.
- Bemark (adverteer) om die vraag na rugbyballe te vermeerder en om die voorraadomsetsnelheid (3,9 keer) te vergroot in vergelyking met die rugbytruie s'n van 6 keer.
- Verkoop slegs rugbytruie. Die winsmarge is groter (58,25% vergeleke met 48,5%) en die voorraadomsetsnelheid is beter (6 keer vergeleke met 3,9 keer).
- Die onderneming dra 'n baie groot voorraad, veral rugbyballe – 900 in voorraad aan die einde van die jaar.
- Die rugbyballe moet vinniger verkoop word – die vooraadomsetsnelheid is 3,9 keer per jaar.
- Oorweeg dit om 'n ander verskaffer te kry, of voer die balle in, want die kosprys het met 50% toegeneem van R120 tot R180 (of met 22,5% van R120 tot R147).

- Oorweeg die verandering van die winsopslag (vermeerdering/vermindering) op rugbyballe van 58,3%, om sodoende die kanse vir verkope te verhoog – gedurende die Super 14 of Drie-Nasies, of selfs in die winterseisoen, mag klante dalk vir 'n hoër prys betaal.
- Oorweeg dit om van 'n ander afleweringsdiens gebruik te maak om sodoende die vraggeld van R8,88 (R30 200 / 3 400 balle) per bal te verminder.

Een punt vir aanbeveling en een punt vir aanwyser:

- Bemark om die verkope van rugbyballe te vermeerder R1 200 000.
- Die verkoopsprys van R320 moet verander word as die koste toeneem (dit is slegs een punt werd).
- Oorweeg die invoer van rugbyballe as die kwaliteit beter is (in hierdie geval word geen punt vir finansiële aanwyser gegee nie).

TOTAAL: 40

VRAAG 3

BAYETE BAGS

PRODUKSIEKOSTESTAA T VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2010

	Nota	
DIREKTE/PRIMÊRE KOSTE		✓ 764 500
Direktemateriaalkoste	1	✓ 430 000
Direktearbeidskoste	2	✓ 334 500
FABRIEKSBOKOSTE	3	✓ 274 720
Totale vervaardigingskoste		✓ 1 039 220
Plus: Goedere-in-bewerking begin van die jaar		✓ 15 280
		1 054 500
Min: Goedere-in-bewerking einde van die jaar		✓ (37 000)
Produksiekoste van klaarprodukte		✓✓ 1 017 500

[9]

NOTA 1 DIREKTEMATERIAALKOSTE

Aanvangsvoorraad	✓✓ 20 000
Aankope	✓✓ 400 000
Vraggeld op aankope	✓✓ 50 000
	470 000
Min: sluitingsvoorraad	✓✓ 40 000
Direktemateriaalkoste	✓ 430 000

[9]

NOTA 2 DIREKTEARBEIDSKOSTE

Fabriekslone	✓✓ 300 000
Pensioenfondsbydrae (300 000 × 10,5%)	✓✓ 31 500
WVF-bydrae (300 000 × 1%)	✓✓ 3 000
Direktearbeidskoste	✓ 334 500

[7]

NOTA 3 FABRIEKSBOKOSTE

Indirekte materiaal (30 000 – 1 200)	✓✓ 31 200
Indirekte arbeid (12 000 + 120)	✓✓ 12 120
Waardevermindering: fabriekstoerusting (35 000 + 7 500)	✓✓ 42 500
Onderhoud: fabriekstoerusting (65 000 + 1 500)	✓✓ 66 500
Huur van fabrieksgeboue (78 000 × 80%)	✓✓ 62 400
Fabrieksversekering, water en elektrisiteit (75 000 × 80%)	✓✓ 60 000
Fabrieksbokoste	✓ 274 720

[13]

3.2.1 Verduidelik wat beteken die volgende en gee 'n voorbeeld by elk:

- Vaste koste: Vaste koste is daardie koste wat nie verander saam met die aantal eenhede geproduseer nie ✓ bv. fabriekshuur en salarisse. ✓ (2)
- Veranderlike koste: Veranderlike koste is daardie koste wat verander in verhouding tot die aantal eenhede geproduseer ✓ bv. direkte materiaal ✓ (2)

3.2.2 **Bereken die volgende eenheidskoste vir 2010:**

- Direktemateriaalkoste per eenheid: 620 000 ÷ 4 000 = R155 ✓✓ (2)
- Fabrieksbokoste per eenheid: 568 000 ÷ 4 000 = R142 ✓✓ (2)

Totale veranderlike koste per eenheid: (3)
(1 604 000 ÷ 4 000) ✓ + 98 ✓ = 401 + 98 = R499 ✓

3.2.3 Bereken die totale aantal pare skoene wat die onderneming moet produseer om gelyk te breek (dit is om nie 'n wins of 'n verlies te maak nie). (9)
Gebruik die 2010-syfers in jou berekening.

Verkope – Koste van verkope = Wins
✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓
815 – [155 + 246 + 98] = [860 000 + 568 000]
815 – 499 = 1 428 000
316 ✓ = 1 428 000 ✓
$\frac{1\ 428\ 000}{316}$ = 4 518,98 skoene
= 4 519 skoene ✓

Of SP – VC = MP
815 – 499 = 16
$\frac{860\ 000 + 568\ 000}{316}$ = 4 519 skoene

3.2.4 Jy word gevra om 'n verslag saam te stel om die probleem van konstante verlies op te los. Noem die punte wat jy by jou verslag wil insluit onder die volgende opskrifte (haal syfers aan vanaf die inligting voorsien om jou antwoorde te staaf):

- Die koste wat beter beheer moet word
  Geldige punt genoem ✓✓
  Toepaslike syfers aangehaal ✓✓ (4)

Die administratiewe koste moet beter gekontroleer word. Dit het toegeneem van R160 per eenheid in 2009 na R215 per eenheid in 2010.

- Moet die prys van die skoene verhoog word, al dan nie?
  Geldige punt genoem ✓✓
  Toepaslike syfers aangehaal ✓✓ (4)

Nee, die prys van die skoene kan nie verhoog word nie. Dieselfde paar skoene kos R790, wat minder is as ons huidige verkoopsprys van R815. Om meer wins te maak, moet die onderneming meer skoene verkoop; dit is 'n bewys dat dit moeilik sal wees indien die prys verhoog gaan word.

- Sal die onderneming in staat wees om die gelykbreekpunt vir die volgende jaar te bereik, al dan nie?
  Geldige punt genoem ✓✓
  Toepaslike syfers aangehaal ✓✓ (4)

Gebaseer op die gegewe inligting, sal die onderneming nie in staat wees om die gelykbreekpunt te bereik nie. Hulle produseer 4 000 pare skoene. In vraag 3.2 3 is bereken dat die onderneming 4 519 pare skoene moet produseer om sodoende gelyk te breek. Daar kort 519 eenhede, wat beteken dat die onderneming sy produksie en sy verkope met 13% moet verhoog.

TOTAAL: 70

VRAAG 4

LULAMA BEPERK

4.1.1 Verwys na Inligting 2J hieronder. Bereken die wins of verlies gemaak met Die verkoop van die rekenaar. Toon al jou berekenings. Jy mag 'n Bateverkope-rekening voorberei om die bedrag te identifiseer.

✓ ✓ ✓✓ ✓ ✓✓
22 000 – 5 500 – 1 650 – 800 = R14 050
OF
✓ ✓ ✓✓✓ ✓ ✓✓
22 000 – (5 500 + 1 650) – 800 = R14 050
OF

Kosprys	22 000 ✓
Opgehoopte waardevermindering (5 500 ✓ + 1 650 ✓✓✓)	(7 150)
Netto boekwaarde	14 850
Verkope/Bank	800 ✓
Verlies met verkoop van bate	14 050 ✓✓

Bateverkope			
Toerusting	22 000	Opgehoopte waardevermindering: Toerusting (5 500 ✓+ 1 650 ✓✓✓)	7 150
		Bank	✓ 800
		Verlies met verkoop van bate	✓✓ 14 050
	22 000		**22 000**

(8)

4.1.2 LULAMA BEPERK
INKOMSTESTAAT 30 JUNIE 2010

	Verkope (3 125 000 ✓ – 6 200 ✓ – 9 600 ✓)	✓ 3 109 200
	Koste van verkope (1 525 600 ✓ – 6 400 ✓)	(1 519 200)
8	Bruto wins	✓ 1 590 000
	Ander bedryfsinkomste	✓ 203 298
	Fooi-inkomste (121 500 ✓ – 750 ✓)	✓ 120 750
	Huurinkomste (72 800 ✓– 10 400 ✓)	✓ 62 400
	Oninbare skulde ingevorder	✓✓ 648
12	Handelsvoorraadoorskot (492 100 – [479 000 + 6 400])	✓✓✓19 500
	Bruto bedryfsinkomste	**1 793 298**
	Bedryfsuitgawes	✓ (1 394 010)
	Salarisse en lone	✓ 252 000
	Korting toegestaan	✓ 1 100
	Versekering	✓ 9 000
	Diverse uitgawes (35 520 ✓ – 5 400 ✓)	✓ 30 120
	Direkteursfooie (390 000 ✓ + 390 000 ✓+ 195 000 ✓)	✓ 975 000
	Ouditfooie	✓ 45 600
	Verbruikersgoedere	✓ 12 500
	Voorsiening vir oninbare skulde	✓✓ 390
	Waardevermindering (1 650 ✓ + 16 800 ✓✓ + 35 800 ✓✓)	✓ 54 250

22	Verlies met verkoop van bates	✓ 14 050
	Bedryfswins	**399 288**
	Rente-inkomste	✓ 1 800
	Wins voor rente-uitgawes/finansieringskoste	401 088
	Rente-uitgawes/finansieringskoste	✓✓ (18 000)
	Wins voor belasting	383 088
	Inkomstebelasting	✓ (114 920)
5	**Netto wins na belasting**	✓ **268 168**

Verkeerde items: trek 1 punt af (maksimum van 2 punte aftrek) (47)

4.2.1 Verduidelik hoekom dit belangrik is dat die onafhanklike ouditeur 'n lid moet wees van 'n professionele instelling. (2)

Enige geldige rede, bv. ✓✓

Deelpunte kan toegeken word vir gedeeltelike sinne, onduidelike en onvolledige antwoorde.

- Sodat as mense die finansiële state bestudeer, hulle die ouditeur se mening kan vertrou
- Verseker dat hy/sy op gereelde basis goed opgelei word.
- Vir dissiplinêre stappe wat nodig is indien nalatigheid plaasvind in die uitvoering van take.
- Om bewus te wees van die nuutste verwikkelinge, bv. Maatskappywet, King-Kode, IFRS.
- Etiese gedrag (integriteit, hou by die etiese gedragskode)
- Stel hoë doelwitte om die kwaliteit van vaardighede te verseker.

4.2.2 Verwys na die onderstreepte sin in paragraaf 1. Hoekom sluit die ouditeure hierdie sin by hulle verslag in? Verduidelik kortliks. (2)

Enige geldige rede, bv. ✓✓

Deelpunte kan toegeken word vir gedeeltelike sinne, onduidelike en onvolledige antwoorde.

- Die ouditeur gee slegs 'n mening; hy stel nie die finansiële state op nie.
- As die ouditeur betrokke was by die voorbereiding van die finansiële state, sal hy nie sy mening kon gee nie (konflik van belange).
- Die ouditeur kontroleer slegs op 'n toetsbasis. Die direkteure is verantwoordelik vir die syfers.
- Die direkteure werk op 'n daaglikse basis in die maatskappy – hulle word verantwoordelik gehou vir enige foute en bedrog.
- Direkteure mag nie hul verantwoordelikheid om finansiële state op te stel, delegeer nie.

4.2.3 Verwys na die onderstreepte woorde in paragraaf 2.

(a) Gee EEN voorbeeld van 'n "bewys" wat 'n ouditeur kan gebruik. (2)

✓✓ Enige geldige bewys van inskrywing in die boeke, of waardes in die finansiële state oor kontant, vaste bates, lenings, voorraad, bv. bankstate, voorraadkontrolekaarte, vastebate-register, fakture (brondokument en ondersteunende dokumente), ens.

(b) Gee EEN voorbeeld van die "rekeningkundige beginsels" wat die ouditeur sal assesseer as deel van die oudit. Verduidelik waarom die ouditeur die beginsel moet ondersoek.

Een beginsel ✓ bv.	Verduideliking of rede ✓✓ bv.
Voorraadwaardasie-metode	Kan lei tot verskille in winste
Waardering van vaste bate (historiese koste en waardevermindering)	Kan lei tot verskille in winste en netto boekwaarde
Beginsel van deursigtigheid (duidelik)	Om te verseker dat inkomste en uitgawes in die korrekte tydperke aangedui word
Beginsel van toerekenbaarheid (aanspreeklik)	Resultate moet op 'n konserwatiewe manier gerapporteer word
Beginsel van besorgdheid	Beïnvloed die waarde van bates

(3)

Enige ander geldige beginsel of rede is aanvaarbaar.
Aanvaar insig, al is dit 'n King Kode-beginsel.

4.2.4 Verwys na paragraaf 3. Verduidelik hoekom jy tevrede sal wees met die ouditeure se mening.
Enige geldige antwoord ✓✓ (2)
Deelpunte kan toegeken word vir gedeeltelike sinne, onduidelike en onvolledige antwoorde.
Moontlike antwoord:

- Die ouditeure spreek hul tevredenheid uit oor al die aspekte van die finansiële verslag van die maatskappy.
- Dit is 'n standaardverslag – mens kan nie meer verwag nie (bedagsaamheid).
- Geen negatiewe opmerking is gemaak nie – as die ouditeur ongelukkig is oor enige aspek, sal hy dit nie hier noem nie.
- Kom ooreen met IFRS en die Maatskappywet.
- Die ouditeure het nie verklaar dat die verslag aanvaar of teruggehou word nie.

4.2.5 Verwys na die bateverkope van die rekenaar vir R800 in Inligting 2J van VRAAG 4.1. 'n Ander direkteur, Sipho Smith, het sy misnoeë uitgespreek oor die onetiese manier WAAROP Allen Sbu die rekenaar oorgeneem het vir R800. Allen stem nie saam nie. (2) (2)

(a) Gee EEN rede om Sipho se standpunt te ondersteun.

Enige geldige rede ✓✓

Deelpunte kan toegeken word vir gedeeltelike sinne, onduidelike en onvolledige antwoorde.

- Allen kry voordeel uit 'n baie laer prys vir die bate wat baie meer werd is, sodat die maatskappy (en ook die aandeelhouers) bevooroordeeld is oor die transaksie (die verkoop van die bate het gelei tot 'n groot verlies).
- Dit skep 'n slegte presedent vir die maatskappy (misbruik van hul posisie as direkteur); ander werknemers kan nou voel dat hulle ook die reg het op dieselfde voordele.
- Die direkteure is nie eienaars van die maatskappy nie; die aandeelhouers is die eintlike eienaars.
- Daar is belastingimplikasies – die direkteur moet belasting betaal op hierdie voordeel.
- Die transaksie was nie deursigtig nie – geen bespreking of verklaring is gemaak voor die verkope nie.
- Die bate kon nog steeds in die maatskappy gebruik word, die direkteur het geen reg op eienaarskap gehad nie.

(b) Gee EEN rede om Allen te ondersteun.

Enige geldige rede ✓✓

Deelpunte kan toegeken word vir gedeeltelike sinne, onduidelike en onvolledige antwoorde.

- Die rekenaar is al ouer as 3 jaar en rekenaars het 'n relatiewe kort lewensiklus.
- Die rekenaar is verouderd en kan nie opgegradeer word nie.
- Die waardevermindering van 10% op kosprys is onrealisties vir rekenaars en as gevolg daarvan sal dit 'n laer netto boekwaarde hê.

NB: Moenie aanvaar dat die direkteure die eienaars is nie.

TOTAAL: 70

VRAAG 5

5.1 Pas die komponente van die jaarlikse verslag in KOLOM 1 by die imskrywing in KOLOM 2. (4)

Kolom 1	Kolom 2
1	C .
2	E ✓
3	D ✓
4	A ✓
5	B ✓

5.2 **Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2009:** (18)

- **Vuurproefverhouding**
  R248 500 – R99 500 = R149 000 ✓✓
  R149 000 : R60 500 ✓ = 2,46 : 1 ✓ of 2,5 : 1
- **Omsetsnelheid van voorraad**
  R99 500 + R62 500 / 2 = R81 000 ✓✓
  R976 000 ✓ / R81 000 = 12 keer p.j. ✓
- **Skuld/ekwiteitsverhouding**
  R150 000 ✓: R1 657 040 ✓ = 0,09 : 1 ✓ of 0,1 : 1
- **Netto batewaarde per aandeel**
  R1 525 000 / 2 = 762 500 aandele ✓✓
  R1 657 040 ✓ / 762 500 × 100 cents = 217,3 sent ✓
- **Verdienste per aandeel**
  R525 000 ✓ / 762 500 ✓ = 68,9 sent ✓

5.3 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die maatskappy. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) aan om jou antwoord te staaf. (8)

Algemene opmerking ✓✓ Goed = 2 Bevredigend = 1
Geen/ongeldige opmerking = 0
Die likiditeit is oor die algemeen bevredigend alhoewel sekere van die aanwysers as te hoog beskou word, bv. bedryfsverhouding is veronderstel om laer te wees; krediteure is veronderstel om in 'n korter tydperk betaal te word.
Enige DRIE geldige aanwysers genoem ✓✓✓
Verhoudinge/persentasies aangehaal vir elke aanwyser ✓✓✓
Bedryfsverhouding 2,1 : 1 → 4,1 : 1
Vuurproefverhouding 1,3 : 1 → 2,46 : 1
Voorraadomsetsnelheid 8 keer p.j. → 12 keer p.j.
Debiteure-invorderingstermyn 30 → 30 dae
Krediteurebetalingstermyn 60 → 90 dae

5.4 Die maatskappy se direkteure voel sterk daaroor dat die aandeelhouers werklik tevrede behoort te wees met die winste, verdienste en dividende van die maatskappy. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers aan (werklike verhoudings of persentasies) om hulle mening te ondersteun. (6)

Enige DRIE geldige aanwysers genoem ✓✓✓
Verhoudinge/persentasies aangehaal vir elke aanwyser ✓✓✓
Verbetering in % opbrengs: 25% → 33,3%
Verbetering in verdienste per aandeel: 55,2c → 68,9c
Verhoging in dividend per aandeel: 10c → 20c

5.5 Verwys na die markwaarde per aandeel. Baie mense voel dat die markwaarde per aandeel op die JSB 'n aanduiding is of die direkteure 'n goeie werk doen al dan nie. (2)
Verduidelik waarom die markwaarde in hierdie geval so belangrik is. (4)
Antwoorde kan op verskillende maniere aangebied word.
Enige geldige verduideliking
Verduideliking ✓✓
Goed = 2 Bevredigend = 1 Geen/ongeldige opmerking = 0
- Die markwaarde is die prys waarteen aandele tans verkoop word.
- As die markprys hoër is as die pariwaarde, is dit vir die aandeelhouers 'n aanduiding dat die maatskappy goed doen.

As die maatskappy al sy onuitgereikte aandele volgende jaar uitreik, hoeveel meer kapitaal kan die maatskappy verwag? Staaf jou antwoord met 'n berekening. Neem kennis dat die gemagtigde aandelekapitaal uit 1 000 000 gewone aandele teen R2 pariwaarde, bestaan.
Gemagtigde aandele = 1 000 000
Uitgereikte aandele = 1 525 000 / 2 = 762 500 ✓
Beskikbare aandele = 1 000 000 – 762 500 = 237 500 ✓
Kapitaal wat verhoog by die uitreiking van onuitgereikte aandele
= 237 500 × R2 ✓ = R475 000 ✓

5.6 Die direkteure oorweeg dit om addisionele lenings aan te gaan eerder as om meer aandele uit te reik.
Haal TWEE relevante finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) aan om hulle siening te ondersteun.
Enige geldige aanwysers genoem ✓✓ (4)
Verhoudinge/persentasies vir elke aanwyser aangehaal ✓✓
Opbrengs op kapitaal aangewend vir 2009 = 44,3%
- Huidige rentekoers = 13%
- Skuld: Ekwiteitsverhouding het verminder van 0,1: 1 tot 0,09: 1

5.7 Die ouditeure vereis van die direkteure dat die direkteursfooie apart in die finansiële state aangeteken moet word en nie saam met salarisse en lone nie. Die direkteure wil dit nie verander nie. Wat is jou mening oor die probleem? Verduidelik.
Enige geldige opmerking ✓✓✓ (3)
- Daar moet deursigtigheid wees met betrekking tot die direkteure se vergoeding.
- Aandeelhouers het die reg om te weet wat direkteure verdien.

5.8 Die direkteure van Isisi Dolls Bpk is bekommerd dat 'n soortgelyke probleem kan ontstaan in hulle maatskappy. Verduidelik kortliks TWEE redes waarom dit 'n ernstige probleem vir hulle maatskappy kan inhou.
Enige TWEE geldige redes verduidelik ✓✓✓✓✓✓ (6)
Uitstekend = 3 Goed = 2 Swak = 1 Geen/ongeldige verduideliking = 0

- 'n Vertraging kan veroorsaak dat aandeelhouers agterdogtig raak.
- Aandeelhouers sal nie die volgende jaar vir hierdie direkteure stem nie.
- Nuwe aandeelhouers sal die maatskappy vermy en aandeelpryse kan val.
- Die direkteure kan skuldig bevind word aan 'n kriminele oortreding. In terme van die Maatskappywet moet hulle die finansiële state binne drie maande voorberei en bekendstel.
- Dit het 'n invloed om die vermoë van kapitaal/lenings in die toekoms te verhoog, aangesien beleggers baie agterdogtig sal wees.

TOTAAL: 55

QUESTION 6

6.1 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE VAN CAPE OF STORMS-BESPROEIING VIR DIE TYDPERK GEËINDIG MAART 2010.

		DEBITEURE-INVORDERING		
Maand	**Kredietverkope R**	**Januarie 2010 R**	**Februarie 2010 R**	**Maart 2010 R**
November 2009	360 000	64 800		
Desember 2009	540 000	270 000	✓✓ 97 200	
Januarie 2010	450 000	129 600	✓✓ 225 000	✓✓ 81 000
Februarie 2010	420 000		✓✓ 120 960	✓✓ 210 000
Maart 2010	420 000			✓ 120 960
TOTALE		**464 400**	**✓ 443 160**	**✓ 411 960**

(13)

6.2 Verwys na Inligting 3 hieronder. Vergelyk die begrote syfers met die werklike syfers vir Januarie en lewer kommentaar oor elkeen van die volgende. Noem in elke geval TWEE aspekte.

Enige twee aparte geldige punte in elke geval

Een punt elk, syfers hoef nie aangehaal te word nie.

Verwagte antwoorde sluit in:

Advertensies

Kandidate behoort advertensies met verkope te vergelyk. ✓

- Dit lei tot 'n toename in verkope van R72 000.
- Verkope het slegs toegeneem met 12%.
- Verkope neem toe met R72 000 (Kredietverkope is op met R152 000, kontantverkope neem af met R80 000).

Een ander punt ✓

- Oorspandering / onderbegroting van R10 000 (ondersoek rede)
- Oorspandering van 66% / onderbegroting van 66% (ondersoek rede)
- Hulle gebruik ander advertensiestrategieë, bv. op televisie in plaas van die pers. (2)

Herstelwerk en onderhoud

Enige TWEE geldige opmerkings:

- Onderbesteding / oorbegroting van R12 700
- Oorweeg of die volgende waar is – vaste bates behoort nie verwaarloos te word nie omdat hulle inkomste genereer vir die onderneming en die nalaat van herstelwerk lei tot die vermeerdering van uitgawes in die toekoms.
- Herstelwerk en onderhoud van toerusting is goed beheer en gebruik, so koste is minder as die begroting.

Afleweringsuitgawes

Kandidate behoort aflewerinsuitgawes te vergelyk met die verkope. ✓

- Kan nie met verkope verbind word nie, wat met 12 % toegeneem het, terwyl die afleweringskostes toegeneem het met 110%.
- Oorspandering van R22 000 lei tot die toename van verkope van R72 000. (2)

Een ander punt ✓ (2)

- Oorspandering of onderbegroting van R22 000. Hulle het meer as dubbeld die begrote bedrag gespandeer.
- Ondersoek moontlike misbruik / gebrek aan genoegsame kontrole/swak strategieë (bv. uitkontraktering mag dalk te duur wees).
- Swak herstelwerk van voertuie het gelei tot hoë brandstofkoste.

6.3 Dan Sprayer is verheug oor die toename in die getal klante. Jy stem nie saam met hom dat hierdie toename van klante 'n positiewe faktor is nie. (8)

Verduidelik probleem ✓ haal syfers aan ✓ advies ✓✓ (mag deelpunte toeken)

(a) Verduidelik TWEE probleme wat jy kan identifiseer en haal syfers uit die vraag wat jou antwoord staaf.

(b) Gee in elke geval (probleem) EEN punt van advies.

1. Kredietverkope is R152 000 meer as wat verwag is, terwyl kontantverkope R80 000 minder is as wat verwag is. (Dit veroorsaak 'n kontantvloeiprobleem.) Gee meer aanloklike kortings aan klante wat kontant koop.
2. Debiteure-invorderings is R225 812 minder as wat begroot is. Daar word voorsien dat slegte skuld met 2 % sal toeneem of daar sal addisionele administratiewe koste wees.

Ontleed debiteure meer versigtig om hulle kredietwaardigeheid te ondersoek.
OF
Pas strenger kredietterme toe voordat debiteure rekeninge mag open.
OF
Volg elke debiteur op deur state te stuur, telefoonnavrae of deur rente te hef.
OF
Debiteure behoort aangemoedig te word om vinniger te betaal – bied 'n korting aan of hef rente op agterstallige bedrae.

6.4 Met die bestudering van die kontantbegroting by Inligting 3 en die aanvaarding dat alle items in lyn met die begroting is, sal jy verwag dat die bankbalans aan die einde van Januarie gunstig of ongunstig wees? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

Gunstige of ongunstige banksaldo?
Ongunstig ✓
Rede: ✓✓

- Debiteure-invorderings is swak.
- Kontantverkope is vêr onder die begrote bedrag.
- Kontantaankope van handelsvoorraad het toegeneem.
- Kontantaankope is meer as die kontantverkope en die kontant ontvang van debiteure.

Aanvaar ook die volgende:

- Oor die algemeen was die afwykings van die syfers negatief.
- Afleweringsuitgawes
- Advertensies

TOTAAL: 30
GROOT TOTAAL: 300